**Mat 28:9-10** | **Krip, Kruis, Kroon!** | **Vrydag 17 Jul 2020**

**Bronne** **Hendriksen, W**. 1973. NTC Matthew. P. 989-991
**Vosloo. M**. 2006. Sielskos vir die vrou wat Lééf! 11 April.
**Wiersbe WW** 2001 The Bible Exposition Commentary. p. 106/9

Krip, Kruis en Kroon is drie begrippe wat direk op Jesus Christus betrekking het.

**Krip Luk 2:12** "En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê."
**Kruis 1 Kor 1:18** "Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."
**Kroon Open 14:14** "Toe het ek 'n wit wolk gesien. Op die wolk het daar Iemand soos die Seun van die mens gesit. Hy het 'n goue kroon op sy kop gehad en 'n skerp sekel in sy hand."

Nadat Jesus opgestaan het uit die dood lees ons dat Jesus die volgende gesê het: **Mat 28:9-10** 9) "Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid.
10) Toe sê Jesus vir hulle: **"Moenie bang wees nie**. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien."

**"Moenie bang wees nie"** is Jesus se eerste woorde nadat Hy opgestaan het uit die dood.
Ook die engel by die graf het aan die vroue gesê, ***Mat 28:5:*** **"Julle moet nie bang wees nie."**

Die engel het dit gesê omdat baie mense weggehardloop het met die kruisiging en die gebeure daarna. Maar die bedoeling is hier eintlik, die teenoorgestelde. Moenie bang wees nie, wees bly, dit is 'n dag van vreugde, blydskap om te jubel en julle in die Here te verbly. Daar is blydskap want Jesus Christus het opgestaan.

**Dink maar aan die Krip**, 'n blye dag want 'n Baba is gebore, 'n hartseer dag dat Jesus Christus Homself moes verneder om 'n mens te word twv ons.
**Dink aan die Kruis**, 'n baie hartseer dag, Jesus Christus word onregverdiglik in ons plek gekruisig, maar 'n dankbare dag want Hy het vir ons sondes betaal wat ons nie kon doen nie.
**Dink aan die Kroon,** Jesus Christus dra die kroon in die hemel, die grieks is, *"stefanos"* Hy is die oorwinnaar, Hy is die Koning, die kroon as simbool van totale eerbied wat aan Hom getoon moet word omdat Hy al die gesag het.

**Moet nie bang wees nie!**
Jesus openbaar aan die vroue:

- Nou hoef julle nie meer bang te wees vir wat met My gebeur nie.
- Ek het dit gedoen.
- Ek het gedoen waarvoor Ek aarde toe gekom het.
- Ek het in julle plek die kruisdood ondergaan sodat julle nooit weer vir iets hoef te vrees nie.
- Julle hoef nie bang te wees vir hulle wat die liggaam kan doodmaak nie maar aan jou siel niks kan doen nie.
- "Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan." Mat 10:28
- Moet nie bang wees nie, Ek gaan vir julle plek berei in die ewige Vaderhuis.

"Jesus het die dood oorwin sodat ek en jy die lewe kan hê. As ons Hom ken en weet dat Hy in ons harte is, hoef ons niks en niemand meer te vrees nie. Dan weet ons dat ons op pad is na die ewige lewe saam met Hom. Maar dan kan ons ook elke dag, met die vrede leef dat Hy ons elke oomblik toevou in sy liefde, beskerm teen die Bose en ons bewaar van gevaar." (Vosloo.2006) **AMEN** *(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)*